**Wat is waarheid?**

**Joh 18:28-40**

**8 Maart 2026**

1. Vantevore: Die Here Jesus se inhegtenisname, verhoor voor Annas en Petrus se verloëning – Die Here Jesus was in beheer tydens die gebeure – Hy het dit deurgaan omdat dit Sy Vader se wil was, dit tot voordeel van Sy kinders was vir wie Hy lief is. Petrus het die Here Jesus verloën i.p.v. om gereed te wees om oor Hom te getuig
2. Joh 18:28-40 – Eerste deel van verhoor voor Pilatus, vroeg die Vrydagoggend, by Pilatus se woning in Jerusalem
3. Ware geregtigheid (Joh 18:28-32)
    a. Jode wou nie onrein word nie, sodat hulle die Pasga kon vier – maar intussen was hulle besig om die ware Paaslam te laat veroordeel (v28)
    b. Jode was geïrriteerd omdat Pilatus weer vir die Here Jesus wil verhoor (v29-30)
    c. Pilatus redeneer hulle moet dan maar self die Here Jesus verhoor (v31)
    d. Die Jode soek egter die doodstraf – juis deur kruisiging (v32, vgl Deut 21:22-23, Joh 12:32-33)
    e. Alhoewel dit blyk dat die verhoor nie geregtigheid sou bewerk nie, bewerk die Here Jesus juis wel ware geregtigheid, deurdat Hy Vervloekte word (vgl Gal 3:13)
4. Ware Koning (Joh 18:33-38)
    a. Pilatus se verhoor begin met: "Is U die Koning van die Jode?" – die Jode se aanklag (v33, vgl Luk 23:2)
        i. Jode se klag is nie dat Hy die Messias is nie – soos by Sanhedrin (vgl Mat 26:63), hulle wil Pilatus manipuleer
    b. Die Here Jesus wil weet hoekom Pilatus dit vra (v34), wat Pilatus irriteer – Hy is nie 'n Jood nie, reageer net op Jode se versoek (v35)
    c. Die Here Jesus verduidelik Sy koninkryk is nie wêrelds nie (v36) – Pilatus lei af Hy is dus 'n koning (v37)
    d. Die Here Jesus sê dit is juis hoekom Hy gekom het (v37) – dit is die waarheid, waarop Pilatus vra: "Wat is waarheid?" (v38)
    e. Alhoewel die Here Jesus aangekla is as synde die Koning van die Jode, is Hy nie 'n tipiese wêreldse koning nie, wel Koning met hemelse afkoms en ewige koninkryk
5. Ware bevryding (Joh 18:39-40)
    a. Pilatus wil die Here Jesus vrylaat, maar die Jode verkies Barabbas (v39-40)
    b. Vgl: Jesus Barabbas (vgl Mat 27:16-17), seun van die vader, misdadiger VS die Here Jesus, Seun van die Vader, sonder skuld – en tog word Barabbas vrygelaat
    c. Die Regverdige ly ter wille van die onregverdiges (vgl 1 Pet 3:18)
6. Wat is waarheid?
    a. Pilatus se siniese vraag (v38)
    b. Postmoderne wêreld erken ook nie absolute waarheid nie
    c. Die Here Jesus erken wel absolute waarheid: Hy is juis gebore, het juis gekom om oor die waarheid te getuig (v37). Trouens Hy is die waarheid.
    d. Hoe kan ons seker wees Hy is die waarheid? Het ons bewyse?
        i. Herhaalde onverwagte uitkomste in Joh 18 bevestig 'n groter plan
        ii. Sy werke en lering, OT tipes en profesieë in Hom vervul
        iii. Johannes-evangelie (Joh 20:31)
        iv. Die Skrif is voldoende om ten volle toe te rus (2 Tim 3:16-17)